# DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE OORLOGSMUSEUM



JAARVERSLAG
1972—1973

*Buiteblad-illustrasie:*

Rand Light Infantry:
Tafeltenue, Majoor. Drag sedert 1905.
Foto 1972.

*Cover illustration:*
Rand Light Infantry:
Mess Dress, Major. Worn since 1905.
Photograph 1972.



„Konvooi in die reën "
"Convoy in the Rain"

*Gordon Taylor*

*RAAD VAN KURATORE*
op 31 Maart 1973

*Deur die Departement van Nasionale Opvoeding aangestel:*
Kaptein W.A. Bellwood.
Brigadier J.B. Bester, DSO (*Onder-voorsitter*).
Brigadier P.S. de Lange, SM, MC.
Brigadier J.B. Kriegler, CBE.
Kaptein L. Roche.
Generaal-majoor B.G. Viljoen, SSA, OBE.

*Deur die Suid-Afrikaanse Weermag aangestel:*
S.A. Leër: Luitenant-generaal C.A. Fraser, SSA, SM.
*Alternatief:* Brigadier H.R. Meintjes, SM. tot 31 Desember 1972.
Brigadier D.J. Campbell, SM, MC vanaf 1 Januarie 1973.
S.A. Lugmag: Generaal-majoor R.F. Armstrong, SM.
*Alternatief:* Kolonel Q.E.W. McGlashan, SM tot 31 Desember 1972.
Kolonel P.M.J. McGregor, SM vanaf 1 Januarie 1973.
S.A. Vloot: Kommodoor P.J.C. Brown, SM.
*Alternatief:* Kaptein D.B. Reaper.
Militêr-Historiese en Argivale Dienste: Kolonel L.S. Kruger, SM.

*Deur die Provinsiale Administrasie aangestel:*
Transvaal en Oranje-Vrystaat:
Mnr. B.J. Vorster, LUK.
Kaapprovinsie:
Mnr. J.L. Steele.
Natal:
Mnr. G.A. Chadwick.

*Deur die Johannesburgse Stadsraad aangestel:*
Brigadier, Raadslid J.T. Durrant, CB, DFC.
Generaal-majoor Raadslid J.C. Lemmer, MC (*Voorsitter*).
Mej. A.H. Smith.

*Deur die Geregistreerde Donateurs aangestel:*
Kolonel R. Reeves-Moore, DSO, MC.

*DIREKTEUR:*
Kolonel G.R. Duxbury.

*ERE-KURATORE:*
Kaptein A. Blake, Afdeling Militêre Lugvaart.
Majoor D.D. Hall, Afdeling Geskut.
Majoor, dr. F. Machanik, Afdeling Kleingeweers.
Dr. F.K. Mitchell, JCD, Afdeling Medaljes en Muntkunde.

*REDAKSIONELE KOMITEE:*
Kolonel G.R. Duxbury.
Mev. Helen Hansmeyer.
Eskaderleier D.P. Tidy.

## *DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE OORLOGSMUSEUM*

Die Museum is in die noordoostelike hoek van Hermann Ecksteinpark (Dieretuin) naby die Suid-Afrikaanse Oorlogsgedenkteken geleë. Toegang word verkry òf uit die Dieretuin òf Erslwoldweg, Saxonwold. Laasgenoemde hek is 400 tree van Bushalte 19 in Oxfordweg, Killarney, af. Bus nr. 1 (Parktown-Noord oor Oxfordweg) en Bus nr. 2 (Dunkeld) bedien hierdie roete.

Geen toegangsfooi tot Museum nie, behalwe op Sondae en openbare vakansiedae, wanneer 'n fooi van 10c vir persone bo 16 jaar gevra word. Om die betaal van toegangsgeld vir die Dieretuin te vermy word besoekers wat die Dieretuin nie wil besoek nie, aangeraai om die Erlswoldweg-ingang tot die Museum te gebruik. Die Museum beskik oor ruim gratis parkeerplek.

### OPENINGSURE

Die Museum is oop:
*Vir Blankes:*
Op:

Dinsdae ................9.30 vm. tot 5 nm. (toegang gratis)

Woensdae ...............9.30 vm. tot 5 nm. (toegang gratis)

Donderdae .............9.30 vm. tot 12-middag (toegang gratis)

Vrydae .................9.30 vm. tot 5 nm. (toegang gratis)

Saterdae ...............9.30 vm. tot 5 nm. (toegang gratis)

Sondae .................9.30 vm. tot 5 nm. (toegangsfooi 10c vir persone bo 16 jaar)

Openbare vakansiedae (behalwe soos hieronder vermeld) .......9.30 vm. tot 5 nm. (toegangsfooi 10c vir persone bo 16 jaar)

*Vir Nie-Blankes:*
Op:

Donderdae ............. 12-middag tot 5 nm. (toegang gratis)

Die Museum is op Goeie Vrydag en Kersdag gesluit en op Maandae, behalwe wanneer openbare vakansiedae op laasgenoemde dag val.

Reëlings word getref om groepe besoekers veral van skole en militêre eenhede deur die Museum te lei. Dit word aan die hand gedoen dat reëlings sover moontlik vooraf met die direkteur getref word: Posbus 52090, Saxonwold, Transvaal. (Telefoon 41-4703 of 41-2173).

## *VOORSITTERSVERSLAG*
*Vir die jaar geëindig 31 Maart 1973*

In my vorige verslag het ek u aandag gevestig op ongeëwenaarde vooruitgang. Hierdie was nie net 'n blote opflikkering nie en die huidige boekjaar het selfs 1971/1972 se prestasies oorskry. Vordering is egter met groter moeite gemaak en was alleenlik moontlik deurdat die personeel 'n bomenslike poging aangewend het om die baie daaglikse probleme te bowe te kom. Die meeste van hierdie probleme is, soos die Direkteur ook in sy verslag meld, veroorsaak deur die ongeskikte en ondoeltreffende geboue. Nieteenstaande die probleme het die Museum nogtans gegroei soos duidelik gesien kan word in die groot aantal besoekers en hul klaarblyklike genot om die Museum te besoek.

Dit blyk duidelik uit die Direkteursverslag dat die Museum 'n al hoe groter opvoedkundige rol speel. Namens al die Kuratore spreek ek ons genoeë uit oor die vordering in dié rigting.

Dis met plesier dat ek my opregte waardering en dankbaarheid betuig aan die Departement van Nasionale Opvoeding en in besonder aan die Minister, Sy Edele Senator J.P. van der Spuy, vir die aansienlike bystand, finansieel sowel as op ander wyses, wat so vryelik aan ons betoon was die afgelope jaar.

Ek wil ook graag hiermee die verskillende Munisipaliteite bedank wat so welwillend gereageer het op my versoek om finansiële ondersteuning. Die Direkteur noem hulle in sy verslag. Ek wil die hoop uitspreek dat ander munisipaliteite, wie se inwoners ook gebruik maak van ons Museum, by die bogenoemde paar Munisipaliteite sal aansluit. Ek kan hulle verseker dat hulle nie geoordeel sal word volgens die bedrag wat geskenk word nie, maar eerder beskou sal word as 'n teken van hul vriendskap en vrywillige ondersteuning om hulself te vereenselwig met ons en die Departement van Nasionale Opvoeding in ons poging met die opbouing en handhawing van 'n waardige en interessante aantreklikheid.

Hiermee wil ek ook dankie sê aan die Kuratore vir hul hartlike ondersteuning wat so baie vir die Museum in die afgelope jaar beteken het en in besonder vir hul bereidwillige ondersteuning aan my as Voorsitter.

Die klaarblyklike vooruitgang is te danke aan die Direkteur en sy personeel en ek wil die waardering van die Kuratore en myself, vir hul lojale en bekwame diens in die afgelope jaar, uitspreek.

*J.C. LEMMER*
*Voorsitter*

JOHANNESBURG
28 Mei 1973

*DIREKTEURSVERSLAG*
*Vir die jaar geëindig 31 Maart 1973*

## VORDERING

Uit my verslag vanjaar blyk weereens dat die Museum steeds van krag tot krag gaan. Stukke word eenstryk deur ontvang en besoekers daag in groeiende getalle by die Museum op. So saamgevat, skyn die posisie uiters gunstig te wees, maar die toenemende bedrywighede in alle afdelings het baie nuwe probleme en frustrasies geopenbaar. Hierdie probleme en frustrasies spruit grotendeels uit een oorsaak voort — geboue wat nooit ontwerp is om 'n museum te huisves nie en wat hopeloos ontoereikend is vir die doel. Ofskoon dit dus verblydend is om toenemende bedrywigheid en die steeds groeiende gewildheid en nuttigheid van die Museum vir die publiek te kan berig, moet dit duidelik gemaak word dat die Museum se primêre taak nie behoorlik vervul kan word nie. Hierdie primêre taak, op beknopte wyse uiteengesit, is die versameling en bewaring van voorwerpe en dokumente met betrekking tot krygsgeskiedenis. Terwyl versameling geen groot probleem inhou nie, behalwe die behoefte aan onbeperkte fondse, skep die kwessie van bewaring 'n baie werklike en dringende probleem en ek sou in my plig faal as ek nie meld dat die versamelde voorwerpe nie die nodige aandag en behoorlike berging ontvang nie, iets wat so uiters noodsaaklik is om hul behoud vir die nageslag te verseker. Daar is verskeie ander, hoewel minder belangrike aspekte van die Museum se werk wat nadelig getref word en wat daagliks steeds 'n groter probleem word. Ook hierdie aspekte hou verband met gebrek aan ruimte. Omdat pakkamers letterlik uit hul nate bars, moet hulle uitgebrei word ten koste van vertoonruimte en namate die grootte van die vertoonsale krimp, word dit al moeiliker om interessante opvoedkundige uitstallings saam te stel. Namate besoekersgetalle toeneem, word dit insgelyks al moeiliker om die uitstallings in gerief te besigtig. Personeelakkommodasie word ook voortdurend ingekort om plek te maak vir stukke en na gelang werkstoestande al beknopter word, ly die algemene werk van die personeel en van die Museum daaronder. Hierdie verskillende probleme word onder die toepaslike hoofde behandel. Ek volstaan deur op hierdie stadium te sê dat die afgelope jaar die besigste ooit was en ondanks die vele probleme, waarvan slegs enkeles hierbo genoem word, is alles gedoen om 1972 'n gedenkwaardige en suksesvolle jaar te maak in soverre dit besoekers betref. Die groot aantal stukke wat ontvang is en die vele boodskappe en lofuiting waarmee die personeel oorweldig is, skyn daarop te dui dat hierdie doel bereik is.

## NUWE GEBOU

Die behoefte aan 'n nuwe gebou word daagliks dringender, maar soos verlede jaar berig, is hierdie item op die Departement se 'B'-lys van groot nuwe werke wat beteken dat dit selgs ná 1976 oorweeg sal word. Hierdie posisie moet ongelukkig aanvaar word, want soos die Departement by verskeie geleenthede aangedui het, het hy te kampe met 'n groot agterstand van dringende bouvereistes vir universiteite en tegniese kolleges en hulle behoeftes moet klaarblyklik voorrang geniet.

Die Departement van Openbare Werke se program van nuwe kleinwerke maak wel voorsiening vir beperkte uitbreidings en veranderings, maar ongelukkig is daar gedurende die afgelope drie jaar slegs

gedeeltelik voldoen aan die Museum se vereistes. In 1971/72 is die hele lys vereistes besnoei en as dit nie was vir Museumpersoneel wat sekere dringende strukturele veranderings aangebring het met fondse wat oorspronklik vir ander werk toegewys is nie, sou vordering gedurende 1972/73 minimaal gewees het.

## VERTOONSTUKKE EN UITSTALLINGS

Die onderhawige jaar kan wel deeglik as bedrywig en opwindend beskryf word in die lig van die groot hoeveelheid stukke wat ontvang is. Dit is nie moontlik om almal op te noem nie, maar 'n uittreksel, wat redelik verteenwoordigend is van die magdom materiaal wat ontvang is, behoort lesers 'n goeie idee te gee van die totaalbeeld. Onder baie kleingeskut en wapens wat ontvang is, was 'n 13mm Mauser tenkbuks in besonder goeie toestand, wat deur mnr. D. Lion-Cachet geskenk is; 'n mooi versameling, insluitende 'n heel buitengewone .476 Webley Nr. 4 pistool, is deur kolonel G.M. Harrison geskenk; 'n bomvisier wat in die Short Sterling bomwerper gebruik is, is aangebied deur mnr. E. Doig. Nog 'n voortreflike skenking kom van dr. W.S. Finsen en bestaan uit 'n versameling (insluitende prototipes) sonkompasse vir gebruik in pantserwaens en met die Nr. 7 geskuthoekmeter, 'n kaatsvisier vir 'n Bren-masjiengeweer en al die tegniese gegewens, korrespondensie en verskeie 16mm rolprente met betrekking tot hierdie items wat ontwerp en vervaardig is deur, of onder toesig van, die skenker wat destyds direkteur was van die Unie (later Republiek) Sterrewag. 'n Empire-tikmasjien in uitstekende toestand wat gedurende die Eerste Wêreldoorlog in Egipte en Frankryk gebruik is deur kapt. (later majoor) L.W. Tomlinson, DSO, van die 3de S.A. Infanteriebataljon, en wat van die groot veldslae van die oorlog, insluitende Delville Bos, oorleef het, is geskenk deur mnr. H.S. Brooke. 'n Groot aantal oorlogs- en padkaarte en sketse gemerk met die roetes en ander besonderhede van 6 S.A. Gepantserde Divisie se aktiwiteite in Italië in 1944—1945, is geskenk deur brigadier J.B. Bester, DSO. Onder baie interessante medaljes wat ontvang is, was 'n seldsame en waardevolle oorspronklike uitgifte van die Langdiens en Goeie Gedrag Medalje wat toegeken is aan vaandelsersant W. Sands van die Cape Mounted Riflemen en geskenk is deur mev. L. Knill. Daar was ook baie puik versamelings medaljes waaronder dié van wyle kaptein E. Bowhill wie se vroeë medaljes die name dra van die Cape Mounted Riflemen en Hartigan's Horse. Hierdie baie interessante versameling, sowel as 'n kraagwapen van die FAMP en 'n offisierstoel, circa 1883, is geskenk deur mev. C.R. Bowhill. 'n Groot aantal uniforms het die tafeltenue ingesluit van 'n onderoffisier, Cape Mounted Riflemen. Hierdie besonderse en rare uniform is gedra deur die oorlede vader van die skenker, mnr. F.N. Alford. 'n Puik versameling van sewe swaarde wat die swaard insluit van 'n Britse Infanterieoffisier, patroon 1895, is geskenk deur lt.-kol. S.H. Ash, OBE, ED; terwyl 'n tabakpyp wat gebruik is deur Robert Atkinson, MM in die S.A. Oorlog van 1899—1902, deur mnr. F. Talbot geskenk is. 'n Oordragwapen van die 9e Pantserwakommando, S.A. Tenkkorps, was nog 'n histories-waardevolle geskenk wat ontvang is van mnr. W. Bisset van Kaapstad. Onder skenkings uit verskeie boedels was groot en verskillende versamelings bestaande uit foto's, uniforms, medaljes, gedenkplate, swaarde, gewere, wapens en ander uniformitems sowel as honderde rekords en dokumente met betrekking tot verskillende oorloë, veldtogte en



*Bronsbeeld van generaal Louis Botha deur Sydney March.*
*Bronze statue of General Louis Botha by Sydney March.*

veldslae. 'n Wapenskild uit 'n Italiaanse vliegtuig wat gedurende W.O.II in Oos-Afrika gevange geneem is, is geskenk deur mnr. T.O. Millward van Margate. Baie pragtige foto-albums, oorlogsaandenkings, diens-dokumente en interessante en histories-waardevolle relikwieë is ingehandig deur talle skenkers wie se name in die lys agterin hierdie verslag verskyn. Onder die items wat aangekoop is, was 'n pragtige ruiterbeeld in brons van generaal Louis Botha deur Sydney March wie se werk welbekend en baie gesog is.

Nie alle ontvange items kon vertoon word nie — trouens slegs 'n geringe deel daarvan. Wanneer ruimte en personeel beskikbaar was, is items vertoon, maar die meerderheid van die items sal geleidelik opgeneem word in nuwe uitstallings wat nou in die beplanningstadium is,

of ingepas word in 'n skema van wisseluitstallings om die wydste moontlike verteenwoordiging te bied.

Die enigste noemenswaardige nuwe uitstalling is dié wat die lewe van generaal J.H. de la Rey uitbeeld. Dit was ook moontlik om verskeie van die ouere uitstallings te herorganiseer en te verbeter. Trappies wat langs die Me 262B, FW190 en Spitfire geplaas is, het die besigtiging van hierdie waardevolle items grootliks vergemaklik. Uitstallings het gedurende die grootste gedeelte van die oorsigjaar heelwat gely weens ruimtegebrek en as gevolg van die tekort aan ervare personeel vanweë verskeie bedankings en probleme om museum-opgeleide personeel te bekom.

## NAVORSING EN LESINGS

Die navorsings- en lesingsprogramme word jaar na jaar belangriker. Die afgelope jaar kan as buitengewoon bestempel word in soverre dit uitstaan as 'n jaar van prestasie en aansienlike vordering.

Die lesingsprogram deur lede van die personeel, ere-kuratore en gassprekers het weereens die hoogtepunt van die jaar geblyk te wees. Die werk in hierdie verband deur ons ere-kuratore, en in besonder kaptein A. Blake, kan nie te hoog aangeprys word nie.

Een groot lesingstoer na 'n slagveld is vir lede van die Krygshistoriese Vereniging (Johannesburgse, Klerksdorpse en Durbanse Takke) en die Newcastlese Geskiedenis Vereniging gereël. Ongeveer 125 persone is gedurende die naweek 2 tot 4 Februarie 1973 oor die slagvelde van Laingsnek, Schuinshoogte en Majuba begelei. Na afloop van die toer is die lede uitgenooi na 'n aandsessie waar die veldslae in fynere besonderhede bespreek is. Hierdie besprekingsgroep was so geslaagd dat dit die voorneme is, wanneer moontlik, om dieselfde prosedure vir toekomstige toere te volg.

Die Krygshistoriese Vereniging het sy maandelikse byeenkomste en lesings by die Museum voortgesit. Die lesingsprogram, hieronder aangetoon, was besonder geslaagd en is goed bygewoon:

Mei 1972: Groenkop 1901 and Surrender Hill 1900 deur mnr. Bob Fair.
Junie 1972: Lord Chelmsford's Ulundi Campaign 1879 deur mnr. G.A. Chadwick.
Julie 1972: Tobruk deur kolonel G.R. Duxbury.
Aug. 1972: Generaal Douglas MacArthur deur kolonel F. Wagoner.
Sept. 1972: Operation Barbarossa and Disaster at Moscow, 1941 deur dr. R. de R. Jooste.
Okt. 1972: Winston Churchill — Skyfies aangevul met bandkommentaar deur majoor D.D. Hall.
Nov. 1972: The Hands-uppers deur mnr. V. Solomon.
Des. 1972: The Sekukuni Wars deur mnr. H.W. Kinsey.
Feb. 1973: Studies in the Generalship of the Boer Commanders deur Professor J. Barnard.
Maart 1973: Archaeology and War in Africa deur prof. R. Mason.

Praatjies is deur die personeel aangebied vir 'n aantal S.A. Weermaggroepe wat die Museum besoek het. Praatjies is ook aangebied vir verskeie gespesialiseerde verenigings en daar kan met oortuiging beweer word dat hierdie diens goed ontvang is.

Die skoollesingsdiens is voortgesit, maar dit het moeilik gegaan en die Museum moes swaar steun op kaptein Blake, ere-kurator van Lugvaart. Tot tyd en wyl 'n opgeleide voltydse Opvoedkundige Beampte in

die personeel aangestel word, sal hierdie diens nie na wense kan funksioneer nie.

Daar was weereens 'n groot aanvraag na rolprentaande, veral van M.O.T.H. Shellholes en S.A. Weermaggroepe. 'n Poging word nou aangewend om die betreklik powere versameling militêre dokumentêre rolprente van die Museum aan te vul deur die aankoop van 'n puik reeks reproduksies deur die BBC Televisieateljees.

## PUBLIKASIES

Nommers 3 en 4 van Volume 2 van die Krygshistoriese Tydskrif is deur die Museum gepubliseer in medewerking met die Krygshistoriese Vereniging. Nommer 3 in die reeks „Transvaalse Oorlog van 1880—1881", „Die Veldslae van Laingsnek, Schuinshoogte en Majuba" is voltooi en sal gedurende 1973 gedruk word. Nommer 9 in die reeks „Veldslae van die S.A. Oorlog, 1899—1902", „Die Slag van Magersfontein" is ook voltooi en sal gedurende die eerste helfte van 1973 gedruk word.

Dit spyt my om te berig dat die vordering met die langverwagte gidsboek teleurstellend was en dat hierdie baie nodige publikasie nie voor die tweede helfte van 1973 beskikbaar sal wees nie.

Die werk aan katalogusse, behalwe vir 'n puik katalogus oor geskut wat deur ere-kurator majoor D.D. Hall saamgestel word, is vertraag vanweë personeelveranderings. Die posisie is verder verswak omrede hierdie werk voortdurend onderbreek moet word om oorvol pakkamers te herorganiseer of om uitstallings of hele versamelings te verskuif.



*Besigtigingsplatform wat langs die Spitfire vliegtuig aangebring is.*
*Viewing platform erected alongside the Spitfire aircraft.*

## BIBLIOTEEK

Die biblioteek het aan sy vernaamste funksie voldoen — dié van 'n sentrale verwysingskern vir die personeel, navorsers en studente, skrywers en ander werkers op gebied van militêre geskiedenis en joernalisme oor die algemeen. Soos gewoonlik is 'n aantal navrae van die algemene publiek sowel in Johannesburg as verderweg ontvang. Die aantal en die verskeidenheid vrae bevestig die feit dat militêre geskiedenis bestudeer word deur persone uit feitlik alle lewensstande.

## FINANSIES

Soos verlede jaar berig, is die formulestelsel vir die finansiering van museums in 1972 gestaak en gevolglik is 'n vaste hulptoelaag toegestaan. Die Departement was teësinnig om dit te doen aangesien hy ten volle bewus is van die voordele van die formulestelsel en die baie verbeterings wat daardeur teweeggebring is, veral vir daardie museums wat voorheen onder die „broodlyn" gefunksioneer het. Indien dit moontlik was om al die poste te vul en indien daar nie 'n reeks bedankings was nie, sou dit moeilik gegaan het om uit die beskikbare fondse die koste te dek van projekte wat laat vaar moes word. Weens 'n groot besparing op salarisse, was die hulptoelaag egter toereikend. Vanselfsprekend is die werk van die Museum ernstig in die wiele gery en uitgawe op nuwe projekte was veel minder as wat verwag is.

Die hulptoelaag sal met 5% vermeerder word vir 1973/74 en dit lyk waarskynlik dat die formule weer in 1974/75 ingestel sal word.

Die munisipaliteite van Johannesburg, Vereeniging, Roodepoort en Carletonville het weereens hulle gebruiklike hulptoelaes geskenk. In antwoord op die voorsitter se oproep het Sandton hom by hierdie groep aangesluit, wat weereens toon dat die Museum se bedrywighede en nuttigheid vir sy burgers nie onopgemerk verbygaan nie.

## BESOEKERS

Dit was 'n besonder suksesvolle jaar en die hoogtepunt van die jaar was 'n besoek deur Sy Ed. die Minister van Nasionale Opvoeding, Senator Sy Ed. J.P. van der Spuy vergesel van dr. J.T. van Wyk, Sekretaris van Nasionale Opvoeding, mnr. P. Grobbelaar, Direkteur van Kultuursake in die Departement van Nasionale Opvoeding en mnr. J.D. Raath, Privaatsekretaris van die Minister.

Dit was ook vir die Museum 'n eer om besoek te ontvang van die Opperbevel van die S.A. Weermag onder aanvoering van Admiraal H.H. Biermann, SSA, OBE.

'n Totaal van 168 689 persone het die Museum besoek. Hierdie syfer sluit 16 775 skoolkinders in 214 begeleide groepe en 438 uit alle range van die S.A. Weermag in. Die totale syfer verteenwoordig 'n toename van 12 371 bo die vorige jaar. Dit is interessant om daarop te let dat ongeveer die helfte van die totale getal besoekers van buite Johannesburg afkomstig was en dat daar oorsese besoekers uit 28 lande was.

Die toegangsgeld vir volwassenes op Sondae en Openbare Vakansiedae het 'n netto bedrag van R4 565,80 opgelewer vergeleke met R4 036,50 in 1971/72.

Die Museum is vir 'n proeftyd van 1 Januarie tot 31 Maart 1973 op Maandae vir die publiek oopgestel. Dit is wenslik dat dit elke dag van die

week oop moet wees ten einde te voorsien in die behoeftes van persone wat lang afstande reis. Gebrek aan personeel om behoorlike toesig te hou oor die geboue, skep egter 'n probleem en tot tyd en wyl minstens twee addisionele opsieners in diens geneem word, kan daar nie aanbeveel word dat die Museum permanent op Maandae oopgestel word nie.

## KONFERENSIES EN VELDNAVORSING

Die direkteur het op uitnodiging die driejaarlikse kongres van die Internasionale Vereniging van Museums vir Wapens en Krygsgeskiedenis in Mei 1972 in Zurich bygewoon. Die kongres is bygewoon deur 135 afgevaardigdes uit 27 lande en was besonder goed georganiseerd en 'n groot sukses. Die gasheerland en in besonder die gasheermuseum, Die Switserse Nasionale Museum, moet gelukgewens word met hulle grootse poging. Die direkteur het sy besoek aan Europa benut deur navorsing in Italië te doen en met die hulp en leiding van brigadier J.B. Bester, DSO, het hy 'n veldopname onderneem van 6 S.A. Pantserdivisie se slagvelde (1944—45) en sodoende baie nuttige inligting ingewin vir 'n reeks lesings.

Twee jaarlikse konferensies van die S.A. Museumsvereniging het in die afgelope jaar plaasgevind, die eerste hiervan in Pretoria in Junie 1972 en die tweede op Oudtshoorn in Maart 1973. Op laasgenoemde konferensie het die direkteur 'n referaat aangebied in verband met die vroeë munting van die Queen's South Africa Medalje met datums 1899—1900 en die moontlike uitwerking wat die slag van Rooiwal gehad het op die verlenging van die Oorlog. Hy het ook 'n praatjie oor etikettering aangebied wat opgestel is deur mnr. R.H. Wishart, bygestaan deur mej. R. Feldman.

Die direkteur is as Vise-President aangestel vir die ampstermyn eindigende Maart 1975.

## PERSONEEL

In my verslag vir 1971/72 het ek berig dat die personeelposisie op sy beste was sedert die stigting van die Museum. Die posisie het egter feitlik oornag verander en daar was 'n reeks bedankings. Ons het vier vakkundige beamptes en die bibliotekaresse kort na mekaar verloor. Twee van hierdie beamptes is terug universiteit toe om verder te studeer, die derde het 'n onderwyspos aanvaar en die vierde het tot die handel toegetree. Die bibliotekaresse het gevind dat sy tuis benodig word.

Dit is met leedwese dat ek die afsterwe in Februarie berig van mnr. A.A. Foulston, senior opsigter, wat die Museum die afgelope 7 jaar lank getrou en goed gedien het. Hy het sy merk op verskeie maniere gelaat, maar veral die klimplante en rankrose sal ons lank herinner aan die sorg wat die Museum van hom ontvang het.

Daar was verskeie veranderings van tegniese assistente, opsigters en skoonmakers. Dit het ongerief en 'n sekere mate van versteuring in die gladde funksionering van die Museum meegebring.

Die mees bevredigende deel van hierdie verslag volg. Ten tye van skrywe is dit vir my 'n groot genoeë om te berig dat die Minister sy goedkeuring geheg het aan drie lank-benodigde poste vir tegniese assistente, sowel as drie poste vir skoonmakers. Tot dusver is twee van die nuwe poste vir tegniese assistente gevul. Selfs nog verblydender egter is die feit dat alle professionele poste, sowel as die pos van bibliotekaresse, nou gevul is. Die pos van bibliotekaresse is eerste gevul toe mev. G. Goldstein in April 1972

diens aanvaar het. Sedertdien het sy waardevolle werk verrig en bou sy, met behulp van haar twee deeltydse assistente, 'n uitstekende naslaansentrum op. Die drie vakante poste vir vakkundige beamptes is slegs onlangs gevul. Hier het ons dit ook gelukkig getref aangesien al drie kandidate oor museumopleiding beskik. Mev. George is in besit van 'n B.A.(Kuns) & U.O.D.; mev. L. Davies B.A.(Geskiedenis en Argeologie) met Diploma van die Britse Museumsvereniging en 1 jaar nagraadse Museologiediploma en mev. M. Konczak M.A.(Geskiedenis).

Dank en waardering word aan alle personeellede betuig vir hul geesdriftige en onvermoeide pogings en ondersteuning gedurende 'n besige en moeilike jaar.

## RAAD VAN KURATORE

Daar was slegs twee veranderings gedurende die afgelope jaar. Brigadier H.R. Meintjes, SM, plaasvervanger vir luitenant-generaal C.A. Fraser, SSA, SM, is bevorder tot die rang van generaal-majoor en na Pretoria verplaas. Hy is by Witwatersrandse Kommandement en in die Raad vervang deur brigadier D.J. Campbell, SM, MC. Kolonel Q.E.W. McGlashan, SM, plaasvervanger vir generaal-majoor R.F. Armstrong, SM, het afgetree en is vervang deur kolonel P.M.J. McGregor, SM.

Die voorsitter, brigadier J.C. Lemmer, MC, is tot burgemeester van Johannesburg vir die jaar 1972/73 verkies en is in Desember 1972 bevorder tot die rang van generaal-majoor (in die S.A. Polisie) deur die Minister van Polisie. Generaal-majoor Lemmer word hartlik gelukgewens met hierdie prestasies en met sy voortreflike diens en werk, nie slegs namens die inwoners van Johannesburg nie maar ook ten behoewe van die Museum.

Opregte dank en waardering word betuig aan die voorsitter, visevoorsitter en ander kuratore vir hul groot hulp en leiding gedurende die jaar. Daar dien ook gemeld te word dat sonder hulle begrip, geduld en ondersteuning hierdie verslag van vordering en prestasie nie moontlik sou gewees het nie.

## DANKBETUIGINGS

Dank en waardering word weereens betuig aan Sy Ed. die Minister van Nasionale Opvoeding, Senator Sy Ed. J.P. van der Spuy, die Sekretaris van Opvoeding, dr. J.T. van Wyk, die Direkteur van Kultuursake, Departement van Nasionale Opvoeding, mnr. P. Grobbelaar en die personeel van die Departement van Nasionale Opvoeding vir ongeëwenaarde bystand en die simpatieke hantering van die Museum se vele probleme en versoeke.

Die stadsrade van Johannesburg, Roodepoort, Vereeniging, Carletonville en Sandton word hartlik bedank vir hulle hulptoelaes. 'n Spesiale woordjie van dank gaan aan die burgemeester van Johannesburg en die burgemeesterspersoneel vir hul hulp en vriendelikheid en in besonder vir die aanbieding van verskeie burgemeestersnoenmale vir die Museum se besoekers.

Donasies word nog vir die Bou- en Ontwikkelingsfonds ontvang. Hartlike dank word aan hierdie groep skenkers uitgespreek, veral aan diegene wat die afgelope sewe jaar aftrekorders met hul banke ten gunste van die Museum het. Hierdie groep bestaan uit mnr. B.D. Tame, mnr. R.E. Rutherfoord en mnr. L.B. van Boom. Ongelukkig het 'n hele paar

gedurende die afgelope jaar kop uitgetrek, maar die Museum sal hulle altyd dankbaar bly vir baie jare se finansiële ondersteuning. Dit sou van groot waarde vir die toekoms van die Museum wees as 'n paneel ,ondersteuners' of ,vriende van die Museum' byeengebring en gevra kon word om R5 jaarliks by te dra. Hiervoor kan hulle moontlik 'n lidmaatskapskaart aangebied word wat hulle op Sondae en Openbare Vakansiedae vrye toegang sal bied, wat sal verseker dat hulle 'n eksemplaar ontvang van die gedrukte en geïllustreerde jaarverslag en alle kennisgewings van openbare lesings en lesingstoere wat deur die Museum aangevoer word.

Soos gewoonlik het die Departement van Verdediging die Museum bygestaan. Spesiale melding moet in hierdie verband gemaak word van die S.A. Lugmag vir aansienlike hulp met die restourering van vliegtuie; die S.A. Vloot vir 'n aantal pragtige stukke sowel as hulp met 'n marine-uitstalling wat beplan word, en die personeel van die Witwatersrandse Kommandement, in besonder kolonel V. Torlage, vir bystand op verskillende wyses gedurende die jaar.

Die vele skenkers het weereens getoon dat die huidige geslag sowel vrygewig as bewus van die waarde van museums is. Hulle name verskyn agterin hierdie verslag maar dit is gepas om die Museum se erkentlikheid en waardering onder hierdie hoof aan hulle te betuig.

Die Museum is erkentlikheid verskuldig aan die paneel van ere-kuratore en die ere-redakteur van sy tydskrif. Opregte dank en waardering word aan hierdie here betuig wie se hulp en bystand so vryelik te alle tye geskenk word en wie se leiding so hoog deur die Museumpersoneel waardeer word. Hulle is esk leier Douglas Tidy, ere-redakteur van die Krygshistoriese Tydskrif, kapt. A. Blake, ere-kurator vir Lugvaart, majoor D.D. Hall, ere-kurator vir Geskut, majoor (dr.) Felix Machanik, ere-kurator vir Handvuurwapens en kapt. (dr.) Frank Mitchell, JCD, ere-kurator vir Medaljes en Muntstukke.

Dank word ook uitgespreek aan die Pers in Johannesburg sowel as in ander sentra. Spesiale dank word betuig aan die redakteur van die Sunday Times en Panorama vir die voortreflike artikels, in kleur geïllustreer, wat hulle so goedgunstiglik gepubliseer het. Die SAUK en verskeie tydskrifte en blaaie vir oudgediendes het die Museum ook waardevolle publisiteit verleen. Die steeds stygende bywoningsyfer en ongetwyfelde gewildheid van die Museum is in geen geringe mate te danke aan die pogings van die Museum se vele vriende in die joernalistieke veld.

Indien die naam van 'n organisasie of persoon wat gehelp het nie verskyn nie, word ons innige apologie aangebied vir die onbewuste weglating, en word ons laat, maar nietemin opregte dank onder hierdie hoof aan alle betrokkenes uitgespreek.

*G.R. DUXBURY*
*Direkteur*

JOHANNESBURG
31 Maart 1973

## *DANKBETUIGINGS*

Die Museum is dank verskuldig aan die volgende skenkers vir hul geskenke en lenings gedurende die afgelope jaar. Daar is getrag om die name van alle skenkers in te sluit. Indien daar iemand is wie se naam per abuis weggelaat is, wil ons hiermee verskoning aanbied en ook ons opregte dank uitspreek.

Africana Museum
Alford, mnr. K.N.
Andcor (Edms) Bpk.
Anderson, mnr D.A.
Armstrong, wyle genl-maj B.J.
Ash, luit-kol S.H.
Atkinson, wyle mnr R.
Auerbach, jongeheer R.
B.P. Suidelike Afrika (Edms) Bpk.
Baine, mnr T.W.
Barbour, mnr. H.G.
Barr, wyle maj. W.F.
Bennett, mev J.
Bisset, mnr E.M.
Blaine, mnr G.L.
Blake, kapt A.
Bland, wyle mnr H.R.
Bolton, mev W.
Bowhill, mev C.R.
Brankley, mnr K.
Braun, mev L.I.
Brien, mnr C.
Brink, mnr C.J.H.
Brink, mev Geo. E.
Brooke, mnr H.S.
Brummer, mnr C.J.F.
Bullough, mev C.
Burgerlike Beskermingskollege
Burness, mnr R.R.
Cage, mnr J.A.F.
Cairncross, mnr B.L.
Capstickdale, mnr L.
Carbutt, mnr G.E.
Cattermole, mnr H.W.
Charlton-Barrett, mnr J.
Cole, mnr J.P.
Collins, mev. A.F.
Cooper, brig F.W.
Court, mev Paul
Dawson, eerw. L.L.
De Guingand, genl-maj sir Francis
Demos, mnr B.G.
Deutsches Museum
Dickie-Clark, mev R.
Doig, mnr E.
Du Plessis, brig W.H.
Durrant, brig raadslid J.T.
Eager, kol L.P.T.
Eclipse Engineering Bpk.
Engelbrecht, kol C.L.
Engelbrecht, sers-maj H.L.
Engelhardt, mnr H.J.F.
English, mnr D.
Estell, mnr A.F.
Evans, mev F.W.
Evans, mnr S.
Fear, mnr. E.C.
Federated Employers Versekeringsmaatskappy Bpk.
Ferrey, mnr A.G.
Finsen, dr. W.S.
Foulston, mnr K.
Frost, mnr J.M.
Gartly, mnr J.D.
Geard, mnr R.A.
Gomm, mnr N.
Gooderham, mnr P.L.
Goodwin, mnr R.D.
Gosnell, mnr R.J.
Greathead, kol C.W.
Greenwood, mev K.L.
Grohs, mnr S.A.
Groot, mnr G.J.
Gurney, kmdt eerw. J.A.
Haines, mnr J.
Hall, maj D.D.
Harden, mnr A.N.
Harris, mev S.F.
Harrison, luit-kol G.M.
Hastie, mnr D.S.
Hatton, mnr H.M.
Hayton, mnr J.H.B.
Heimann, dr. K.W.
Henderson, mev J.E.
Henning, wyle kol P.
Hepburn, mev J.
Herbert, mnr R.G.
Herron, mev M.E.
Hill, mnr F.
Hill, kmdt H.G.
Hobbs, mnr E.W.
Holloway, mnr L.E.
Holmes, mnr G.C.
Hunter, mnr P.W.
Inligting, Departement van
Jack Gartley Shellhole
Janse van Rensburg, kapt C.A.
Jeffrey, mej D.
Jeppe, mnr H.
Johannesburg Openbare Biblioteek
Kaffrarian Museum
Kerr, mnr J.H.
King, mnr F.
King George VI Art Gallery
Knill, mev L.
Kungl. Armémuseum, Stockholm
Lawrence, kmdt R.S.
Lever, mnr C.J.N.
Lichtenburg Munisipaliteit
Lines, mev M.
Lingham, mev N.
Lion-Cachet, mnr D.
Long, mev E.M.
Lowenstein, mnr H.W.
MacIntosh, mnr B.H.
Mackintosh, Berg & Sturgess
Macpherson, mev D.
Macpherson, mnr H.
McLoughlan, brig G.A.
McMaster, maj N.C.S.
Maasdorp, mev M.
Malan, mnr P.A.B.
Merchant, mnr D.J.W.
Maré, mnr S.J.
Midgely, prof. D.C.
Millward, mnr T.O.
More, mnr C.E.
Morgan, mej. C.
Morris, luit-kol N.D.
Mountford, mnr A.J.H.
Mudd, mev P.
Mullineux, mev A.B.
Murphy, mnr J.
Muser, mev J.
Myburgh, mnr T.H.
Natal Mounted Rifles
Nederlands Leger- en Wapenmuseum
Newcomb, mev L.F.
Nissen, mnr H.S.
Nunn, maj F.D.
Oppenheimer, mev I.
Orford, mnr J.G.
Orpen, kmdt N.D.
Pakenham, Sy Ed. Thomas F.D.
Pattrick, mnr A.C.
Peek, mnr P.A.D.
Pollock, mev I.
Potgieter, mnr F.J.
Pramger, mnr A.J.
Prevóst, kmdt A.W.W.
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
Rawlings, mev B.
Rijff, mev M.L.
Robertson, kmdt D.C.
Robertson, mev M.
Robertson, kol L.S.
Rockey, mnr T.
Rogers, mnr E.E.
Rose, mnr A.
Rowe, mev F.
Royal College of Defence Studies
Rundle, mev N.
Russel, mnr A.L.
Rustica Press
Rutherfoord, mnr R.E.
S.A. Associated Newspapers Bpk.
S.A. Verdediging
S.A. Legioen — Hoofkwartiere, Johannesburg
S.A. Legioen — Port Elizabeth
S.A. Muntkundige Vereniging
Sappers Association — Johannesburg
Schorr, mev F.T.
Serafino, mnr F.
Sharper, mnr T.F.
Shell S.A. (Edms) Bpk
Sheppard, mnr F.W.
Shubitz, mnr B.
Simpkins, kmdt B.
Simpson, mnr E.F.
Smallwood, kmdt J.
Smulian, mnr H.G.
Solomon, mev D.K.
Speir, mnr J.H.A.
Spencer-Young, mnr R.
Stallard, wyle kol C.F.
Stander, mev A.
Steele, mnr J.L.
Stuart, mev G.M.
Stuttaford, mev S.K.
Sutherland, mej E.
Sutherland, mnr I.M.
Tame, mnr B.D.
Ternent, mnr M.J.
Thackeray, mev L.
Thomspon, kol E.S.
Tidy, esk. leier D.P.
Tindall, mnr R.B.C.
Tregarthen, mev E.
Van Boom, mnr L.B.
Van Asperen, mnr G.W.
Van Rooyen, mnr G.C.
Van der Merwe, kmdt F.A.
Versfeld, mej B.J.
Viljoen, mev M.W.
Von Wallenberg, mev E.
Wachter, mnr F.R.
Walton, mnr L.
Ward, mev H.E.
Watson, mev K.M.
Weinerlein, mnr A.V.
Welsh, mnr J.
Williams, mnr C.L.
Windsor Cub Pack

**Collection Number: A1132**

**Collection Name: Patrick LEWIS Papers, 1949-1987**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa**
*Location:* **Johannesburg**
**©2016**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of a collection, held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.